UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# DOKUMENTASIESENTRUM VIR MUSIEK (DOMUS)

## Skenkingsvoorwaardes en -ooreenkoms

Tussen

DOMUS, Musiekbiblioteek, Universiteit Stellenbosch

en

________________________________________

**A Algemeen**

1. Die betrokke partye tydens die oordrag van versamelings of enkele items, word soos volg angedui:
    a. **Argief:** Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS), Musiekbiblioteek, Universiteit Stellenbosch.
    b. **Skenker:** Die persoon of instansie wat die betrokke materiaal aan die Argief skenk.
    c. **Argivaris:** Argivaris in beheer van DOMUS tydens die skenkingsproses.
    d. **Skenking:** Skenker dra eienaarskap van die betrokke dokumente oor aan die Argief.
2. Die Skenker moet bevestig dat hy/sy die geregtelike eienaar van die betrokke versameling of items is. In die oordragproses onderneem die Skenker, op aanvraag van die Argief, om nodige bewys te lewer van eienaarskap van die betrokke versameling of items.
3. Die Argivaris behou die reg om enige versamelings of items van geen historiese waarde aan die Skenker terug te gee, of aan 'n ander instansie of afdeling oor te dra, of om dit van kant te maak, in oorleg met die Skenker. As gevolg van beperkte ruimte bestaan die moontlikheid dat alle materiaal nie aanvaar word nie. Skenkings word ooreenkomstig die Voorraadboubeleid aanvaar.

4. Die Argivaris moet deur die Skenker in kennis gestel word van enige naam- en adresveranderinge van die Skenker. Die Argief aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige nalatigheid in hierdie verband nie.
5. Die Argief sal geen persoonlike inligting bekendmaak sonder die toestemming van die Skenker nie.

**B Bewaring, ordening en katalogisering van en toegang tot materiale**

1. Met diskresie van die Argivaris sal die betrokke items of versamelings beskikbaar gestel word aan die Skenker en potensiële navorsers.
2. Navorsing op versamelings geskied in DOMUS gedurende biblioteek ure.
3. Ooreenkomstig tussen die Skenker en die Argivaris kan sekere beperkings op materiale geplaas word vir 'n spesifieke tydperk, veral ten opsigte van die sensitiwiteit van inhoud.

**C Publikasie en kopiereg**

1. Die Argivaris sal, namens die Skenker, toestemming verleen tot die publikasie van materiaal of uittreksels met betrekking tot die materiaal.
2. Tensy die Skenker die teenoorgestelde aandui, sal die Argivaris toestemming tot kopiereg verleen.
3. Met diskresie van die Argivaris, en in ooreenstemming met kopiereg, is die Argivaris geregtig daarop om enkele kopieë, met die nodige reproduksie onkoste deur die navorser gedek, aan die betrokke navorser te verskaf vir die doel van nie-kommersiële doeleindes.
4. Die Argief behou die reg tot enige skenkings en publikasies wat verband hou met die Universiteit Stellenbosch, hetsy op die Internet of in enige ander elektroniese of gedrukte formaat.
5. Alle erkenning word aan die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS), Musiekbiblioteek, Universiteit Stellenbosch verleen. Die Skenker word nie vermeld nie, tensy aangedui in die skenkingsooreenkoms.

**D Uitstallings en lesings**

1. Items kan uitgestal word ter illustrasie tydens lesings aangebied deur die Universiteit Stellenbosch. Met diskresie van die Argivaris kan oorspronklike items, of kopieë van die betrokke items uitgestal word.
2. Die Argivaris behou die reg om toestemming te verleen met betrekking tot die uitstal van betrokke items deur individue of instansies anders as die Universiteit Stellenbosch, tensy anders vermeld deur die Skenker.

Geteken deur:
Skenker

____________________________________ Datum: __________________

Argivaris (vir DOMUS)

____________________________________ Datum: __________________

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# DOKUMENTASIESENTRUM VIR MUSIEK (DOMUS)

## Skenkingsooreenkoms

**Ek het die skenkingsvoorwaardes gelees en verstaan.**

Naam van Skenker: ........................................................................................................

Adres: ........................................................................................................
........................................................................................................
........................................................................................................
........................................................................................................

Datum van Ontvangs: ....................................................................

Hoeveelheid materiaal: ........................................................................................................

Tipe Materiaal: ........................................................................................................

Ontvang deur: ........................................................................................................

**Tensy anders vermeld, behou die Biblioteekdiens hom die reg voor om na goeddunke te handel met materiaal wat as geskenk ontvang word.**

Skenker: Handtekening: ....................................................... Datum:......................................

**Musiekbiblioteek: DOMUS / Music Library: DOMUS**
Konservatorium / Conservatoire
Privaatsak / Private Bag X1 • Matieland 7602 • Suid-Afrika / South Africa
Tel: +27 21 808 3713 • Faks / Fax: +27 21 808 2340
E-pos / E-mail : bg1@sun.ac.za • http://www.sun.ac.za/library